

Saterdag 27 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 146
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 146:5, 10

Hoop op God en nie op mense nie

Die Psalmdigter is baie ernstig oor sy vertroue in God eerder as in mense. Sy eerste woord in hierdie psalm is reeds 'n woord wat slegs gebruik kan word om die HERE te vereer. "Halleluja!" roep hy uit en sy bedoeling daarmee is om aan die Verbondsgod alleen die eer te gee. Waarom so? In sy gedagtes is daar geen lewende wese wat dit waardig is om op te hoop nie. Selfs prinse en sekerlik ook konings en elke ander gesag, al is hulle ook hoe groot in aansien en mag en selfs aardse rykdom, is nie betroubaar nie. As is hulle ook menslik gesproke goed, bly hulle onbetroubaar, omdat alles van hulle tydelik is. Daar kan by die sterflike sondaar geen heil gevind word nie en in hom geen vertroue wees nie, want hy is 'n sondaar. As ons dink aan die heel bestes in die Skrif, bevind ons hulle, soos onself, gebroke en feilbaar. Selfs Dawid, die geliefde kneg van God, was 'n moordenaar en 'n egbreker. Uria het die goeie koning vertrou en dit kos hom sy vrou en eindelijk sy lewe. Al doen hy ook goed aan al sy mense, is sy lewe kort en gaan dit verby en al sy planne en werke daarmee saam.

"Welgeluksalig is hy ... wie se hoop is op die HERE sy God ..." sê die Psalmdigter, want "Hy is vir ewig Koning". Daar is nie 'n einde aan Hom wat alles gemaak het nie en uit sy ewige en onfeilbare krag is dit sy begeerte, volgens sy genadeverbond, om ons (sy kerk) te versorg en te verhef tot in die ewige heerlijkheid. Hy sal die hongerige voed, die blinde se oë open en die swakkes oprig. Hy wat ewig leef en getrou, is in ewigheid soos Hy dit bewys het in Christus Jesus die Here, in Wie Hy dit alles verrig. Halleluja! Loof die HERE, o my siel!

Sing: Psalm 146-1:1-8

Ds. HFR Pelser (Riekert) (Kempton-Park)